

21 Januarie

**Skrifgedeelte: Hebreërs 1
Fokusgedeelte: Hebreërs 1:1-4**

Ken jy die Seun deur wie God praat?

'n Mens verstaan soveel beter as jy die spreker ken. Sy taal is bekend, sy styl val gemaklik op die oor en sy boodskap kom beter oor. Wat 'n frustrasie is dit nie wanneer die nuusleser op die televisie in 'n onbekende taal praat!

God wil jou nie 'n gefrustreerde luisteraar of leser maak nie. Daarom het die Almagtige Hom in verstaanbare mensetaal bekend gemaak. In die verlede het Hy deur profete met gesag sy wil bekend gemaak. Die volk het die profete en hulle geskrifte as woorde van God aanvaar.

Maar toe kom daar 'n man met die naam van Jesus. Wie was Hy? Hy was meer as 'n Joodse leermeester. Hy was Seun van God – medeskepper van alles wat mens geword het. Die Gesagvolle deur wie God in die laaste dae gepraat het – ewebeeld van God die Vader. Sy heerlijkheid straal uit Jesus. Hy is magtig, alles behoort aan Hom en Hy regeer oor alles.

Ja, maar waar is Hy vandag? Is Hy nie maar doodgemaak nie? Dis waar, maar daar is meer daaragter. Sy dood was ter wille van die reiniging van ons sondes. Dit is sy duidelikste spreektaal vir sondaars: "Verlosser" sê die naam Jesus. Hy is nie meer dood nie, maar het oorwin. Nou leef Hy en regeer van die regterhand van God af.

Ken jy die Seun deur wie God praat? Kennis is egter nie genoeg nie. Aanvaar jy Hom as waaragtige God, as jou enigste Verlosser? Onderwerp jy jou aan sy magtige heerskappy? Glo in Hom. Hy gee koers, want Hy maak God se wil bekend. Luister na Hom, sy woorde is God se Woord.

Sing: Psalm 2:4

Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)